**Woensdag 13 April**

**Skrifgedeelte: Job 33:1-13**
**Fokusgedeelte: Job 33:4**

## God voorsien deur sy Gees!

Wanneer jy in ’n krisis verkeer, is dit bemoedigend om iemand langs jou te hê wat net soos jy is, iemand soos Elihu wat jou nie veroordeel of foute soek om jou te blameer nie! Iemand soos Elihu wat verstaan dat hy, net soos jy, klei in God se hand is. Julle albei is maar net uit die stof van die aarde gevorm. Albei ewe broos en sondig. Ten spyte daarvan hou God ons tog stewig in sy hand vas. Ons is gelyk, albei het eweveel stukke op die skaakbord.

Daarom, wanneer ons in ’n geloofskrisis of watter krisis ook al verkeer, dat God iemand soos Elihu voorsien om sy wil ontdekkend aan ons te laat kommunikeer. God laat sy Gees deur so ’n persoon aan die woord kom. Ons hoef nie soos Job dan bedreig te voel nie, soos hy ons voor God regverdig of onskuldig te bewys nie! Ons moet gewoon net luister hoe God binne die krisis antwoord.

Hiervoor gee Hy iemand soos Elihu om Job en ons deur sy Gees te lei om God binne ons lyde te ontdek en reg te verstaan. Elihu is hiervoor net ’n bode, ’n tolk om Job en ons te lei om te ontdek dat God red en genadig is.

Het God ook al so in jou hart aan die woord gekom? Juis deur mense wat Hy in baie moeilike tye op jou pad bring? Was jy al tolk gewees daar waar mense in moeilike omstandighede geworstel het om Jesus Christus se versoenende genade te ontdek?

*Sing: Psalm 112-2:1*

*Ds. SFF (Steve) van der Walt (Kathu/Olifantshoek)*